Ek glo ook dat God in ons koppe ‘gebeur’

http://www.beeld.com/Content/MyBeeld/Briewe/1976/3a383b482bba42a3ba0b7b74978ca7b2/08-02-2010-09-22/Ek_glo_ook_dat_God_in_ons_koppe_‘gebeur’

deur Proponent Willem Bakkes skryf:

2010-02-08 21:22

Ek is ’n groot bewonderaar van Klaas Hendriks en is so bly dat hy selfs Beeld gehaal het. Sy punt is immers dat God nie bestaan nie, maar gebeur.

My punt is ook dat God gebeur, ek voer die konklusie net een stap verder: God gebeur in ons koppe. Dis net soos ’n kind wat in ’n stadium bang raak vir spoke, iets gebeur in die kop. Later jare kan iets anders weer in die kind se kop gebeur wat hom dalk laat afsien van angs vir spoke.

Ek kan Klaas se isolasie verstaan, want ek het myself geïsoleer in die NG Kerk, waarvan ek ’n proponent is, verbonde aan die gemeente Aasvoëlkop in Johannesburg en die naaste wat ek seker aan ’n geestelike tuiste kan kom in die omtrek waar ek woon.

Nietemin swyg ek oor my sienings en weet dat mens maar versigtig moet wees wat jy aan die publiek verkondig, want daar is mense wat baie onverdraagsaam is en mens skade wil berokken as jy ’n meningsverskil het oor geloofsake.

Om te swyg is seker die maklikste uitweg, want dit is wat die meeste geestelikes met ’n goeie teologiese opleiding doen wat ’n wetenskaplike lees van die antieke Bybelse teks en die interpretasie van kerklike dogma betref.

As ek in mense se geselskap is, bly ek eerder stil en luister maar, want ek het ontdek dat mense nie hou van mense wat hulle slim hou nie. Omdat ek ’n introvert is, het ek geen probleme daarmee nie. Wanneer dit egter oor godsdiensaangeleenthede gaan, verstik ek dikwels in die stilligheid in my spoeg oor die selfversekerdheid waarmee mense sogenaamde waarhede aan die groot klok hang.

Ek kan mense tog nie prontuit laat verstaan dat hulle geen begrip het van die histories-wetenskaplike lees van tekste nie.

Tog moet mens soms die stoute skoene aantrek en mense laat verstaan dat jy glad geensins soos “almal” dink nie. Dus stel dit ek saam met Klaas dat God nie bestaan nie. As die laaste mens op aarde sterf, is God ook daarmee heen, want dan kan niemand God meer in ’n menslike lyf konstrueer nie.

My vriende kla dikwels dat ek goed veels te ingewikkeld probeer verduidelik, maar ek hoop ek het die saak eenvoudig genoeg gestel. Ek stem nie saam met alle kontoere van Klaas se denke nie, maar oor die kern is ek dit met hom eens.

****

Ek is kwaad, daarom bid ek...

deur Daniel Louw

2010-02-10 21:23

http://www.beeld.com/Content/MyBeeld/Briewe/1976/7b6b8e7cc23d4961963ef66f7791becb/10-02-2010-09-23/Ek_is_kwaad,_daarom_bid_ek_

Op 8 Februarie 2010 skryf Willem Bakkes in “Ek glo ook dat God in ons koppe ‘gebeur’?” dat God mensgemaak is en dat God saam met die laaste mens op aarde sal sterf. Willem is tans ’n proponent by Aasvoëlkop-gemeente.

Willem sê: “Nietemin swyg ek oor my sienings en weet dat ’n mens maar versigtig moet wees wat jy aan die publiek verkondig, want daar is mense wat baie onverdraagsaam is en ’n mens skade wil berokken as jy ’n meningsverskil het oor geloofsake.”

Ja, Willem! Tel my by een van daardie mense wat so onverdraagsaam is.

Ek is kwaad vir jou dat jy jou geloof verloor het en wie weet hoeveel skade gaan berokken aan die koninkryk van God. Ek is kwaad vir die dosente by die NGK teologiese fakulteit wat jou van jou geloof beroof het.

Ek is kwaad vir liberale predikante en teoloë wat niks daaromtrent doen nie en maak asof niks fout is nie. Asof ’n mens hierdie dinge met die Christelike geloof kan versoen.

Ek is kwaad vir evolusie wat – ek glo – hierdie hele ding begin het. Maar dan wonder ek wat Jesus sou gedoen het. Jesus het self kwaad geword en tafels omgegooi, maar ek weet ook dat Jesus vir al hierdie mense hierbo lief is, al doen hulle soveel skade.

Daarom bid ek dat evolusie ontmasker sal word vir die leuen wat dit is, hoewel dit onmoontlik lyk dat soveel wetenskaplikes verkeerd kan wees.

Ek bid vir die NGK se predikante vir wysheid en moed om op te staan vir wat reg is.

Ek bid dat dosente by ons teologiese fakulteite tot inkeer sal kom. Willem, en ek bid vir jou...!